



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

GRAAD 12

2026

Hierdie riglyne bestaan uit 27 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING	3
	AFDELING A (ONDERWYSERRIGLYNE)	4
2.	STRUKTUUR VAN DIE PAT	4
3.	INSTRUKSIES VIR DIE ADMINISTRASIE VAN DIE PAT	5
4.	ASSESSERING EN MODERERING VAN DIE PAT	6
4.1	Assessering	6
4.2	Moderering	8
5.	GEVOLGTREKKING	8
	AFDELING B (LEERDERTAKE)	9
	Algemene inligting en instruksies	9
6.	PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK 1 (PAT 1)	10
	'n Siviele ontwerpprojek	10
7.	PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK 2 (PAT 2)	17
	'n Meganiese ontwerpprojek	17
8.	BYLAE A: ASSESSERINGSRUBRIEK	24
9.	VEREENVOUDIGDE RUBRIEK VIR TOEKENNING EN VERIFIKASIE VAN PUNTE	25
10.	PAT 2026: SUMMATIEWE ASSESSERINGSTAAT	26
11.	VERKLARING VAN EGTIGHEID	27

1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie,
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie,
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Ingenieursgrafika en -ontwerp, Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie en Meganiese Tegnologie
- TEGNIES: Tegniese Wiskunde, Tegniese Wetenskappe

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale bevorderingspunt vir alle kandidate wat vakke aanbied wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat geassesseer kan word nie, bv. toets of eksamen. Dit is dus belangrik dat skole verseker dat alle leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die skooljaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

AFDELING A (ONDERWYSERIGLYNE)

2. STRUKTUUR VAN DIE PAT

Die **PAT** vir Ingenieursgrafika en -ontwerp (IGO) is 'n **verpligte nasionale formele assesseringstaak** wat 33,33% tot 'n leerder se NSS-eksamenpunt, en 25% (100 van die 400 punte) tot 'n leerder se finale NSS-punt bydra. Dit word dus as 'n **derde IGO-NSS-eksamenvraestel** beskou.

Die doel van die PAT is om onderwerpe, inhoud en konsepte te assesseer wat in die KABV voorkom, maar nie in toetse of eksamens geassesseer word nie. Dit is:

- Die ontwerpproses
- Die toepassing van die ontwerpproses
- Die kwaliteit en netheid van vryhand-, instrument- en ROT/'CAD'-tekeninge

Met die insluiting van die navorsingskomponent as deel van die ontwerpproses, kan inhoud en konsepte wat nie deel is van die KABV nie, by die PAT ingesluit word. Die PAT is dus ontwerp om 'n leerder se vermoë te ontwikkel om kennis wat oorgedra en self bekom is, te integreer en toe te pas en om bereikte vaardigheidsvlakke en bevoegdheid te demonstreer.

Die PAT gee die leerder 'n geleentheid om kennis op 'n kreatiewe manier deur die ontwerpproses toe te pas. Die leerder kry ook geleentheid om die PAT te voltooi in 'n omgewing wat meer bevorderlik vir die kreatiewe prosesse is. Hierdie omgewing behoort dus vir die leerder makliker toegang tot hulpbronnemateriaal te bied as wat in 'n formele toets of eksamen beskikbaar sou wees. Die leerder sal ook toegang tot 'n groter verskeidenheid hulpbronnemateriaal as gewoonlik hê.

Die PAT word in DRIE FASES ingedeel:

- FASE 1: Die ontwerpproses
- FASE 2: Voorbereiding van werks- en prenttekeninge
- FASE 3: Die skep van die PAT-lêer/-portefeulje

Die drie FASES vereis dat die leerder 'n duidelike begrip toon van die ontwerpproses toon en dit kan toepas. As deel van die ontwerpproses moet die leerder die volgende kan doen:

- Die gegewe scenario ontleed en 'n ontwerpopdrag formuleer wat 'n lys spesifikasies, beperkings en 'n bestuursplan insluit.
- Doen toepaslike en bruikbare navorsing.
- Gebruik die navorsing by die ontwikkeling van idees/konsepte/oplossings, analities en grafies, deur vryhandtekeninge te gebruik.
- Kies 'n finale oplossing wat 'n duidelike begrip van die ontwerpopdrag toon.
- Bied die finale oplossing aan as 'n stel werkstekeninge en 'n prent(3D)-tekening.
- Verskaf duidelike bewyse van deurlopende selfevaluering gedurende die ontwikkeling van die PAT.
- Ontwikkel 'n PAT-lêer/-portefeulje.

FASE 1 en FASE 2 van die PAT is ontwerp om die leerder die geleentheid te gee om 'n vlak van bevoegdheid en vaardigheid te toon wat in die volgende tekenmetodes bereik is:

- **Vryhandtekeninge**, met slegs 'n potlood en blokkies-/grafiepapier voorberei
- **Instrumenttekeninge**, met potlood en tekeninstrumente voorberei
- **ROT-tekeninge**, voorberei met gebruik van 'n ROT/'CAD'-program

TWEE praktiese assesseringstake (PAT'e) word by hierdie dokument ingesluit:

- PAT 1 is 'n taak in die konteks van siviele tegnologie, met 'n elektriese komponent
- PAT 2 is 'n taak in die konteks van meganiese tegnologie

Elke leerder moet, **onder leiding van die onderwyser, slegs EEN PAT** kies en voltooi.

Elemente waaruit die PAT-punt vir Ingenieursgrafika en -ontwerp bestaan:

ELEMENTE VAN DIE PUNT VIR DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK	
Die ontwerpproses	25%
Die korrektheid van die werks- en prenttekeninge	50%
Die tekenmetodes (vryhand, instrument en ROT/'CAD')	25%
TOTAAL	100%

3. INSTRUKSIES VIR DIE ADMINISTRASIE VAN DIE PAT

Die onderwyser moet 'n **afskrif** van die **hele AFDELING B** (bladsye 9 tot 27) van **hierdie 2026-PAT-dokument** aan elke graad 12-leerder **gedurende die week van 23 tot 27 Februarie 2026** verskaf en dit **verduidelik**.

Elke fase moet voltooi en geassesseer word voor die aanvang van fase-moderering in kwartaal 2 en 3, en provinsiale moderering in kwartaal 3 en 4.

Die fases van die PAT moet dus binne die volgende tydraamwerke voltooi word:

- FASE 1: Ontwerpproses (voltooi **voor** die aanvang van **kwartaal 2**)
- FASE 2: Voorleggingstekeninge (voltooi **voor** die aanvang van **kwartaal 3**)
- FASE 3: Voltooiing van ALLE voorleggingsvereistes en skep van lêer/portefeulje (voltooi **in kwartaal 3** voor die aanvang van die **finale provinsiale moderering**, of, **op die laatste**, voor die aanvang van die **voorbereidende eksamen**).

Alhoewel die FASES **siklies** óf gedurende **blokkie** voltooi kan word, soos in die KABV aangedui, word daar aanbeveel dat **een hele dag per kwartaal** vir elke FASE toegeken word, bv. as 'n ekstra vraestel tydens die Mei/Junie-eksamen.

Onderrigtyd wat vir die voorbereiding en voltooiing van al drie FASES van die PAT toegeken word, mag nie **16 uur** oorskry nie. **Bykomende nie-onderrigtyd** kan egter vir die **voltooiing** van die PAT **by die skool toegeken word**, maar die **totale tyd** wat vir die voltooiing van **AL** die FASES van die PAT toegeken word, mag **NIE 20 uur** oorskry **NIE**.

Om te verseker dat die PAT binne die vasgestelde tydsbestek voltooi word, is dit noodsaaklik dat die onderwyser 'n bestuursplan/pasaangeër met teikendatums voorberei en bekendmaak. Dit sal leerders help om hul eie vordering te monitor, en vir die onderwyser om ingrypingsprogramme te implementeer.

LET WEL:

Om die **integriteit** van die PAT as 'n '**derde NSS-eksamenvraestel**' te **verseker**, moet die volgende bykomende instruksies **nagekom word**. **Nienakoming van enige van hierdie, en bogenoemde instruksies, sal as 'n ernstige eksamen-onreëlmatigheid beskou word**.

- Behalwe vir skoon A4-foliopaper, skoon A4- en A3-tekenvelle en blokkies-/grafiekpapier, **mag GEEN template, tabelle, voorafbereide bladsye/tekenvelle, oorgetekende voorbeelde van die terreinplan, ens., in enige vorm of formaat aan die leerders gegee of beskikbaar gestel word nie**.
- **GEEN voorbeelde van moontlike of voorgestelde oplossings** van enige komponent van die PAT **mag in enige vorm of formaat aan die leerders verskaf, verkry word, of aan die leerders gedemonstreer word nie**. Dit sluit in, maar is nie beperk tot, **voorbeelde** wat **ontwikkel** is, of **demonstrasies** wat deur enige **individue, groep, departement, instelling, organisasie of besigheid aangebied is**.
- **Verklarende voorbeelde**, soos grafiese illustrasies, beste praktyke van vorige jare se PAT'e, ens. **mag SLEGS tydens die aanvanklike verduideliking** van die PAT aan die leerders getoon word. Aangesien hierdie voorbeelde nie ná die aanvanklike verduideliking aan die leerders gegee of onbepaald vir besigtiging gelaat mag word nie, moet leerders aangemoedig word om aantekeninge tydens die aanvanklike verduideliking te maak, maar **mag GEEN foto's of video's neem nie**.

- Dit is die **onderwyser se verantwoordelikheid** om te verseker dat elke leerder se PAT van 'n **toepaslike graad 12-vlak en -kompleksiteit is**.
- **ALLE voorleggingsvereistes** van die gekose PAT **moet streng nagekom word**.
- Behalwe vir die vereiste navorsingskomponent, moet **AL die voorleggingsvereistes** van die PAT **by die skool, onder toesig van die onderwyser, voltooi word**.
- **GEEN voorlegging mag gedeel of gekopieer word nie**, aangesien **die hele PAT individueel voltooi moet word**. **AL die voorleggings**, onder meer die voorblad, indeks/inhoudsopgawe, bestuursplan, tabelle, tekenbladvoorbereiding, ens. **moet elke leerder se eie oorspronklike werk wees**.
- **ALLE vryhandtekening en instrumenttekening** moet met **potlood voorberei word**.
- **ALLE leerders moet aangemoedig word om op hul eie te werk**, met **minimale ingryping**. **Ontwikkelingsterugvoer en leiding** mag SLEGS gegee word **oor voorleggings of 'n FASE wat reeds probeer/voorberei/afgehandel is**, of wanneer die leerder dit versoek.
- Wanneer **leerders tekening met ROT/CAD' voorberei**, moet die volgende **nagekom word**:
 - Die skool moet die **fasiliteite verskaf**, wat die **ROT/'CAD'-program en rekenaars** insluit. Die **skool moet oor die lisensies van AL die ROT/'CAD'-programme beskik wat deur die leerders gebruik word**, en **GEEN ander programme mag deur enige van die leerders gebruik word nie**.
 - **ALLE ROT/'CAD'-tekening** moet by die **skool, onder toesig van die onderwyser**, voorberei word.
 - Die geleentheid om met gebruik van 'n ROT/'CAD-program opgelei te word, moet aan **ALLE leerders beskikbaar gestel word**, ongeag of hulle dit gebruik of nie.
 - Aangesien die onderwyser verantwoordelik bly vir die assessering van beide die bevoegdheid wat getoon word met die gebruik van 'n ROT/'CAD'-program en die uitleg en korrektheid van die tekenvoorleggings, **moet hy/sy oor voldoende kennis en vaardighede beskik van die ROT/'CAD'-program wat gebruik word**.
 - **Elektroniese en hardekopie-bewyse** van die **geskiedenis** van die **stapsgewyse ontwikkeling** van elke leerder se ROT/'CAD'-tekening **moet deur die skool bewaar word** vir 'n tydperk soos deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) bepaal.
 - Leerders kan tydens die modereringsproses versoek word om die funksies en beginsels van die werking van 'n ROT/'CAD'-program te verduidelik en om tekenvaardighede deur middel van vaardigheidstake te demonstreer.
- Die VERKLARING VAN EGTIGHEID, op bladsy 27 van hierdie dokument, **moet net voor die finale assessering** deur die leerder en onderwyser voltooi en geteken word.
- Die SUMMATIEWE ASSESSERINGSTAAT, op bladsy 26 van hierdie dokument, moet ná die finale assessering van die PAT **volledig** vir elke leerder **voltooi word**.
- Die onderwyser moet verseker dat **SLEGS die voltooië SUMMATIEWE ASSESSERINGSSTAAT, VERKLARING VAN EGTIGHEID en relevante KONTROLELYS** wat deur die leerder gebruik word, **na die inhoudsopgawe** in elke leerder se voltooië PAT-lêer/portefeuljes **ingesluit word**.

4. ASSESSERING EN MODERERING VAN DIE PAT

4.1 Assessering

Assessering van die PAT moet volgens die toepaslike 2026-ASSESSERINGSKRITERIA EN KONTROLELYS wat ingesluit is, gedoen word.

Aangesien gereelde ontwikkelingsterugvoering nodig is om aan die leerder leiding te gee en ondersteuning te bied, en om te verseker dat hulle op die regte pad is ('assessering vir leer'), moet beide formele en informele assessering deurlopend regdeur die ontwikkeling van die PAT gedoen word. **Informele assessering** kan deur 'n medeleerder of deur die onderwyser gedoen word.

Die **onderwyser moet AL die formele assessering** doen en die punte op die amptelike puntestate aanteken. Elke leerder se punte **moet ook op** die amptelike SUMMATIEWE ASSESSERINGSTAAT (*sien bladsy 26*), **wat by die leerder se PAT-lêer/portefeulje ingesluit moet wees, aangeteken word**. Waar 'n skool meer as een graad 12-IGO-onderwyser het, moet die onderwysers mekaar bystaan deur PAT-assessering as 'n span uit te voer. Dit sal 'n konsekwente standaard van assessering vir al die leerders verseker.

Die **finale formele assessering** moet voltooi word **voor** die aanvang van **finale provinsiale moderering** of, **op die laatste, voor** die aanvang van die **voorbereidende eksamen** in die kwartaal 3.

Sodra die PAT'e geassesseer en gemodereer is, **moet** die onderwyser/skool AL die PAT'e vir eksterne moderering hou. **AL die PAT'e moet ook** vir 'n tydperk soos bepaal deur die provinsiale departement van onderwys (POD) **by die skool gehou word**.

Verduideliking van vlakbeskrywers en die verifikasie van punte:

- **1-punt-vlakbeskrywer:**
Daar is **GEEN persentasie (%)** vir die 1 punt-vlakbeskrywer nie en dit word gebruik vir **elementêre/basiese voorleggingsvereistes en/of tekenkenmerke**, en moet soos volg toegepas word:
 - **'0' (nul)** moet toegeken word vir die vereiste waaraan **nie voldoen is nie**, of as die voorleggings daarvan **verkeerd** is.
 - **1 punt mag slegs toegeken word** as daar **volledig** aan die vereiste **voldoen** is en die voorlegging daarvan **korrek** is.
- **2-punt-vlakbeskrywer:**
 - **'0' (nul)** moet toegeken word as die vereiste **nie ingesluit/getoon is nie**, of as die voorlegging van die vereiste **minder as 30%** bewys van kennis toon, of as die vereiste **baie swak** is.
 - **1 punt kan slegs toegeken word** as die voorlegging van die vereiste **ten minste 30% of meer** bewys van kennis toon, of as die vereiste **NIE volledig** of **NIE heeltemal korrek** is **NIE, NIE voldoende en/of duidelik** is **NIE**, d.i. **gemiddeld**.
 - **2 punte kan slegs toegeken word** as die voorlegging van die vereiste **ten minste 80% of meer** bewys van kennis toon en die vereiste **meer as 80%** **volledig, korrek/voldoende en duidelik** is, d.i. **baie goed**.
- **7-punt-vlakbeskrywer:**
Verwys na die **7-punt-rubriek** op **bladsy 45 van die KABV-dokument** vir die vlakbeskrywers. Dit impliseer dat 'n **'7' slegs toegeken kan word** as die voorleggingsvereiste(s) **100% korrek/voldoende** is, d.i. **uitstekend en foutloos**.
- **Verifikasie van ALLE finale punte uit 10:**
Elke finale punt uit 10 moet geverifieer word volgens die beskrywers wat in die rubriek op bladsy 25 van hierdie dokument verskyn. Dit impliseer dat 'n **'10' slegs toegeken kan word** as die voorleggingsvereiste(s) **100% korrek/voldoende** is, d.i. **perfek en foutloos**.
- **Afronding van punte:**
Elke punt uit 10 moet afgerond word **voordat** dit op die SUMMATIEWE ASSESSERINGSSTAAT (*sien bladsy 26*) en die puntestate **aangeteken word**. 'n Punt van 9,5 moet egter 9 bly aangesien die 0,5 'n aanduiding van 'n fout is. Die finale punt uit 25, 50 en 25 vir elk van die drie volledige afdelings van die PAT moet ook ná berekening afgerond word.

4.2 Moderering

Moderering van die PAT moet met gebruik van die ingeslote 2026-ASSESSERINGS-KRITERIA EN KONTROLELYSTE, en volgens dieselfde vlakbeskrywers wat vir die assessering van die PAT'e gebruik word, uitgevoer word.

Aangesien monitering en/of moderering van die PAT op enige stadium tydens die ontwikkeling van die PAT kan plaasvind, moet ALLE voltooide en onvoltooide voorleggings van AL die PAT'e te alle tye by die skool beskikbaar wees.

Om ingrypingsprogramme en -prosesse te fasiliteer, moet die volgende skoolgebaseerde en kluster('cluster')-/distriksmoderering gedurende kwartaal 2 en 3 gedoen word:

- Fase 1: Ontwerpproses (begin van kwartaal 2 voor die aanvang van FASE 2, of op die laatste voor die halfjaareksamen)
- Fase 2: Voorleggingstekeninge (begin van kwartaal 3 voor die aanvang van FASE 3)

AANTEKENINGE oor die finale provinsiale graad 12-PAT-moderering:

- **AL die skole in AL die provinsies moet gemodereer word.**
- Die moderering moet deur amptelik aangestelde, opgeleide en gemagtigde provinsiale PAT-moderators gedoen word. Gelyke-/Medeonderwyser-, kluster-('cluster')/groep-, professionele-leergemeenskap('PLC')- of distriksmoderering mag dus NIE geïmplementeer word om die moderering te doen NIE.
- **POD's moet verseker dat die moderering vroeg genoeg begin sodat dit voltooi kan wees voor die aanvang van DBE- en/of Umalusi-moderering, of op die laatste teen 23 Oktober 2026.**

LET WEL:

Die normtyd vir die moderering van 'n volledige graad 12-PAT is 45 minute.

Om die moderator met die modereringsproses te help, moet die onderwyser 'n volledige stel bygewerkte puntestate en merietelyste verskaf.

Aan die begin van die modereringsproses moet die moderator lukraak **10% kies**, met 'n **minimum van DRIE** en 'n **maksimum van SES PAT-lêers/portefeuljes**. Die geselekteerde PAT'e moet wees:

- Nr. 1 – 'n hoë/hogste punt ▪ Nr. 2 – 'n gemiddelde/middelpunt ▪ Nr. 3 – 'n lae punt
- Nr. 4 – 'n gemiddelde/middelpunt ▪ Nr. 5 – 'n hoë punt ▪ Nr. 6 – 'n lae punt

Indien die geselekteerde PAT'e nie 'n konsekwente resultaat lewer nie, moet DRIE bykomende PAT'e, d.i. 'n hoë-, 'n gemiddelde/middel- en 'n laepunt-PAT, gekies en gemodereer word en, indien nodig, herhaal word tot 'n meer konstante resultaat verkry is.

Indien 'n skool **meer as EEN graad 12-IGO-onderwyser het**, moet **DRIE PAT'e**, d.i. 'n hoë-, 'n gemiddelde/middel- en 'n laepunt-PAT **van elke onderwyser gekies word**.

Die konsep van **maatstafbepaling ('benchmarking')** moet toegepas word wanneer die PAT'e gemodereer word. Dit vereis dat 'n PAT met 'n **hoogste punt**, maar verkieslik die PAT met die hoogste punt, **eerste gemodereer moet word om 'n standaard daar te stel** waarteen al die ander PAT'e van die skool vergelyk kan word.

LET WEL:

'n **Toleransiereeks van SLEGS 5% is toelaatbaar** tussen die **gemiddelde geassesseerde punt** en die **gemiddelde gemodereerde punt** van die PAT'e wat vir moderering gekies is. Slegs nadat moderering voltooi is, moet die **meer as 5%-verskil** tussen die gemiddelde punte van die gemodereerde PAT'e op die res van die PAT'e toegepas word.

5. GEVOLGTREKKING

Ná voltooiing van die praktiese assesseringstaak, behoort leerders in staat te wees om hul begrip van die ontwerpproses, hul verbeterde kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te demonstreer, asook verbindings met die lewe buite die klaskamer te vestig en werklike uitdagings aan te spreek. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en bied geleenthede aan leerders om by hul eie leerervarings betrokke te raak.

AFDELING B (LEERDERTAKE)**Algemene inligting en instruksies**

- Die PAT is 'n **verpligte nasionale formele assesseringstaak** wat **25% (100 van die 400 punte)** tot jou finale NSS-punt bydra.
Leerders wat dus nie 'n voltooië PAT voorlê nie, sal NIE 'n punt kry NIE.
- Hierdie dokument bevat die volgende TWEE PAT-scenario's:
 - PAT 1: 'n Siviele ontwerpprojek, met 'n elektriese komponent
 - PAT 2: 'n Meganiese ontwerpprojekJy, die leerder, onder leiding van jou onderwyser, moet **slegs EEN** van die PAT-take wat in hierdie dokument vervat is, kies en voltooi.
- AL die voorleggingsvereistes van die gekose PAT moet **streng nagekom** word en, met die uitsondering van die navorsingskomponent, **by die skool voltooi word, onder toesig van jou onderwyser.**
- **GEEN** van die voorleggings mag gedeel of gekopieer word **NIE.** Die **hele PAT moet individueel voltooi word en AL die voorleggings**, onder meer die voorblad, indeks/inhoudsopgawe, bestuursplan, tabelle, tekenvelvoorbereiding, ens. **moet jou eie oorspronklike werk wees.**
- Die PAT moet van 'n **toepaslike hoërde- graad 12-kompleksiteit** wees.
- **ALLE vryhandtekeninge en instrumenttekeninge** moet **met potlood voorberei** word.
- Die PAT moet in fases en binne die gegewe tydsbestek van jou onderwyser se pasaangeër/bestuursplan voltooi word.
- Die PAT sal volgens die relevante ASSESSERINGSKRITERIA EN KONTROLELYSTE, wat by hierdie PAT-dokument ingesluit is, geassesseer word.
- Die relevante 2026-ASSESSERINGSKRITERIA EN KONTROLELYSTE vir die PAT (d.i. óf bladsy 15 en 16 óf 22 en 23) **moet gebruik word** om duidelike bewyse te verskaf van **jou eie deurlopende self-assessering** en die nakom van die sperdatums tydens die ontwikkeling van die PAT.
- Net voor die finale voorlegging van jou volledige PAT, moet jy die VERKLARING VAN EGTIGHEID, op bladsy 27 van hierdie dokument, voltooi en onderteken.
- **SLEGS** die 2026 SUMMATIEWE ASSESSERINGSBLAD, op bladsy 26 van hierdie dokument, jou voltooië en ondertekende VERKLARING VAN EGTIGHEID, jou voltooië 2026-ASSESSERINGSKRITERIA en KONTROLELYSTE met AL jou eie voorbereide voorleggings moet in die **korrekte volgorde by jou PAT-lêer/portefeulje ingesluit word.**
- Jy word nie toegelaat om enige van die foto's/prente en/of webwerwe, wat in hierdie PAT-dokument vervat is, te gebruik nie.
- Onnet en slordige werk, asook die laat indiening van voorleggingsvereistes, sal gepeenaliseer word.

6. PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK 1 (PAT 1)

'n Siviele ontwerpprojek

SCENARIO

Die Departement van Basiese Onderwys is besig om 'n verpligte Vroeë Kinderontwikkeling (VKO)-fase in laerskole te implementeer. Hierdie program het ten doel om kinders se regte te beskerm en om hulle volle kognitiewe, emosionele, sosiale en fisiese ontwikkeling te ondersteun. Dit is bedoel om kinders, tot die ouderdom van vyf, beter voor te berei vir suksesvolle toelating tot laerskool.

Die Skoolbeheerliggaam van 'n laerskool in jou area het gekies om proaktief op te tree deur die VKO-fase by hul instelling bekend te stel. Hulle het versoek dat jy 'n **voorgestelde ontwerpopplossing** voorberei vir 'n **aparte nuwe fasiliteit** wat klaskamers en alle nodige geriewe sal insluit. Daar sal hierna na die nuwe fasiliteit as die '**gebou**' verwys word.

Die **gebou** moet 'n enkelverdieping-baksteenstruktuur wees met 'n 25°-spitsdak met IBR-plate bedek. Die dak moet 'n 300 mm-oorhang aan beide kante hê, volledig met fassieplanke, geute en reënwaterafvoerpype, sowel as windveers aan elke kant. Die dakhoogte moet voorsiening maak vir 'n bedekte loopvlak om onder die oorhang te pas. Daarbenewens moet twee dakvensters bo elke klaskamer aan dieselfde kant van die spitsdak as die bedekte loopvlak geïnstalleer word.


Die **gebou** moet TWEE aangrensende klaskamers van identiese grootte bevat en elk moet tussen 65 m² en 70 m² wees. Die twee klaskamers moet geskei word vloer-tot-plafonkamerverdelers wat kan oopmaak om een oop ruimte te skep. Elke klaskamer moet 'n ingeboude kas insluit vir die berging van speelgoed en toerusting. Groot aluminiumvensters moet op een buitemuur van elke klaskamer geplaas word om voldoende natuurlike lig te verskaf. Op die teenoorgestelde muur moet aluminiumskuifdeure oopmaak na 'n 2 meter wye bedekte loopvlak wat oor die hele lengte van een kant van die **gebou** strek. Direk voor hierdie bedekte loopvlak moet 'n groot buitenspeelarea voorsien word, omhein word met 'n 2 meter hoë veiligheidsheining.

Aparte seuns- en dogterstoilette moet aan die een kant van die gebou geleë wees en vanaf die bedekte loopvlak toeganklik wees. Die seuns se fasiliteit moet DRIE toilette, TWEE muurgemonteerde urinale en TWEE wasbakke insluit. Die dogters se fasiliteit moet VIER toilette en TWEE wasbakke insluit. Alle toiletgeriewe moet ouderdomsgepas wees, en beide toiletgeriewe moet voldoende vensters vir ventilasie en lig hê.

Aan die teenoorgestelde kant van die **gebou** moet 'n personeelkamer voorsien word. Hierdie kamer moet werkruimte en sitplek vir VIER personeellede bied en mag nie groter as 30 m² wees nie. Aangrensend aan die personeelkamer moet 'n kombuis ingesluit word met 'n dubbelwasbak, ingeboude kaste, voldoende werksoppervlakke vir voedselbereiding en ruimte vir 'n yskas en stoof. Die kombuis mag nie groter as 15 m² wees nie. Aangrensend aan die personeelkamer moet daar 'n siekeboeg wees, nie groter as 6 m² nie en toegerus met 'n wasbak. Die personeelkamer, kombuis en siekeboeg moet ook vanaf die bedekte loopvlak toeganklik wees en aluminiumraamvensters hê wat voldoende natuurlike beligting bied.

Elke klaskamer moet met VIER stelle dubbel-fluoresseerligte toegerus wees. TWEE stelle fluoresseerligte moet in elke toiletfasiliteit geïnstalleer word, en EEN stel moet in die kombuis geplaas word. Muurgemonteerde ligte moet al langs die lengte van die bedekte loopvlak voorsien word. Die personeelkamer en siekeboeg moet voldoende plafongemonteerde beligting hê. Daarbenewens moet elke klaskamer TWEE skakelkragpunte bevat, die personeelkamer moet DRIE hê, die siekeboeg moet EEN hê en die kombuis moet VIER hê.

Alle afvalwater en rioolwater van die gebou moet aan die bestaande rioleringslyn gekoppel word. Die oppervlakte van die hele **gebou, uitgesluit** die bedekte loopvlak, mag nie 260 m² oorskry nie.



Gegee: Die gegewe terreinplan

FASE 1: VOORLEGGINGSVEREISTES

- Ontleed die gegewe scenario en **formuleer 'n ontwerpdrag** in twee paragrawe:
 - Die **eerste paragraaf** moet, in jou eie woorde, 'n **kort agtergrond van die projek** gee, asook 'n **omvattende beskrywing van wat ontwerp moet word**.
 - Die **tweede paragraaf** moet, in jou eie woorde, 'n duidelike oorsig **van jou rol in die projek** gee, asook 'n **beskrywing** van die **volledige ontwerpproses** wat jy gaan volg om hierdie projek te voltooi.

Uit die scenario en jou onderwyser se bestuursplan, **sluit die volgende as deel van die ontwerpdrag in:**

- 'n Lys van TWINTIG van die gegewe spesifikasies vir die gebou
 - 'n Lys van VYF moontlike beperkings. Let daarop dat die spesifikasies wat jy genoem het, nie as moontlike beperkings herhaal of herbewoord mag word nie.
 - Jou eie bestuursplan wat teikendatums vir die voltooiing van elke voorleggingsvereiste spesifiseer.
- Doen navorsing** wat die volgende insluit:
 - VYF** voorbeelde met afmetings wat toilette, urinale en wasbakke insluit wat geskik sal wees vir 3- tot 5-jarige kinders.
 - VYF** voorbeelde, konstruksiedetailtekeninge ingesluit, van bedekte loopvlak-ontwerpe wat vir skole geskik is.
 - DRIE** voorbeelde van dakvensters vir spitsdakke, en **DRIE** vloerplanvoorbeelde van vloer-tot-plafon-kamerverdelers wat kan oopmaak, en geskik vir gebruik tussen klaskamers is.

LET WEL:

- Voordat jy met die navorsing begin, maak jouself eers vertrouwd met die vereistes van die verskillende tekeninge, sodat jou navorsing jou kan help om die tekeninge te voltooi.
- Die navorsing moet daarom relevant en in die vorm van grafiese materiaal wees, d.i. prente en illustrasies.
- Die navorsingsmateriaal moet esteties aangebied word en mag NIE DRIE A4- of EEN A3-bladsy **per onderwerp** oorskry nie.
- Daar moet duidelike bewyse wees dat die navorsing in jou ontwerpopplossing gebruik is.
- Sluit 'n lys van ALLE verwysings wat gebruik is (Bibliografie), direk na die navorsing in.

3. **Berei netjiese gedetailleerde vryhandtekeninge** voor van die vloerplan-uitleg van TWEE moontlike ontwerpopplossings vir die voorgestelde nuwe **gebou**, wat al die kenmerke en die bedekte loopvlak insluit. Elke vryhandtekening moet die korrekte voorlegging van AL die geboukenmerke toon, bv. muurdiktes, deure, al die permanente toebehore, die daklyne, sowel as die primêre afmetings en byskrifte. Bereken die **totale oppervlakte** van die **gebou**, die bedekte loopvlak uitgesluit, en die **totale vloeroppervlakte** van een van die klaskamers. Die **berekeninge** moet duidelik in 'n tabel op die tekenvel as deel van elke vryhandtekening getoon word.

LET WEL:

- **Blokkies-/Grafiekpapier moet gebruik word** om te help met die voorbereiding van die vryhandtekening sodat ALLE kenmerke en toebehore in verhouding geteken word. Die **blokkies-/grafiekpapier wat gebruik word, moet** by die PAT-lêer/portefeulje **ingesluit word**.
- **ALLE aspekte van die vryhandtekening**, onder meer afmetings, byskrifte, tabelle en moontlike inligtingsblokke, **moet SLEGS met potlood voorberei word. Die gebruik van enige ander tekeninstrumente**, bv. 'n liniaal of passer, **sal gepeenaliseer word**.
- Die **elektriese uitleg** en die **afvalwaterverwyderingstelsels** word **NIE** op die vryhandtekening vereis nie.
- Die vryhandtekening kan op **A4- of A3-tekenvelle** voorberei word.
- **GEEN rame of titelpaneel word** vir die vryhandtekening **vereis nie**.
- AL die vryhandtekening moet voldoen aan die riglyne en grafiese simbole vervat in die **SANS 10143**.
- Die tekening moet duidelike bewys lewer dat 'n hoë vlak van bevoegdheid in die **vryhandtekenmetode** bereik is.

4. **Kies die beste oplossing** wat 'n diepgaande begrip van die scenario demonstreer. Op 'n aparte bladsy, vergelyk en evalueer die TWEE vryhandoplossings deur die volgende:
- **Skep 'n tabel** met 'n minimum van **SES relevante en selfverduidelikende beskrywende kriteria** wat meetbare vergelykings sal fasiliteer.
 - **Skep en gebruik 'n eenvoudige, selfverduidelikende graderingskaal** om elke oplossing **teen elke kriterium** te beoordeel.
 - **Motiveer elke telling** deur die **positiewe en/of negatiewe aspekte** van elke oplossing **teen elke kriterium** te beskryf.

Voltooi die proses deur 'n omvattende opsomming te skryf wat redes gee vir jou gekose vryhandoplossing. Die opsomming moet insluit of **enige laat veranderinge aan die geselekteerde vryhandoplossing aangebring is, of NIE**. As daar laat veranderinge was, moet dit duidelik beskryf word.

FASE 2: VOORLEGGINGSVEREISTES

5. Bied die gekose oplossing aan as 'n stel werkstekeninge en 'n prenttekening (5.1, 5.2 en 5.3) wat aan die volgende kriteria voldoen:

- AL die **werkstekeninge** moet op gepaste grootte tekenvelle voorberei word, opgestel met **korrekte rame**. **SLEGS EEN** van die tekenvelle moet opgestel word met 'n **volledige siviele titelpaneel, wat aan SANS 10143 voldoen**, opgestel word.
- Die tekeninge moet duidelike bewys lewer dat 'n hoë vlak van bevoegdheid in die volgende TWEE tekenmetodes bereik is:
 - Instrumenttekening
 - ROT/'CAD' (rekenaargesteunde tekening/ontwerp)

LET WEL:

- EEN hele werkstekening (d.i. 5.1.1, 5.1.2 en 5.1.3 of 5.2) moet met 'n potlood en tekeninstrumente voorberei word, en die ander met 'n ROT/'CAD'-program.
- Die perspektieftekening (5.3) kan met 'n potlood en tekeninstrumente, of 'n ROT/'CAD'-program voorberei word.
- Skole wat nie ROT/'CAD'-fasiliteite het nie, moet al die vereiste werkstekeninge en prenttekeninge (d.i. 5.1, 5.2 en 5.3) met 'n potlood en tekeninstrumente voorberei.
- ALLE aspekte van alle tekeninge moet voldoen aan die riglyne, die titelpaneel, grafiese simbole en voorstellings vervat in die **SANS 10143**.

5.1 Teken **gedetailleerde UITLEGTEKENINGE** van die gekose vryhandoplossing van die **volledige gebou en bedekte loopvlak**, wat al die vereiste geboukenmerke duidelik toon.

Die uitlegtekeninge moet die volgende ortografiese aansigte toon:

- 5.1.1 Die volledige **VLOERPLAN**, geteken volgens 'n geskikte skaal, **verkieslik** skaal 1 : 50, maar nie kleiner as skaal 1 : 75 nie.
- 5.1.2 **TWEE AANSIGTE**, geteken volgens dieselfde skaal as die vloerplan. EEN aansig moet die **voorkant van die gebou, die bedekte loopvlak en skuifdeure van die klaskamers** wys, en die ander aansig moet die **kant van die gebou met die toiletgeriewe** wys.
- 5.1.3 'n **GEDETAILLEERDE DEURSNIT**, geteken volgens skaal 1 : 20, wat AL die besonderhede van die fondament tot die dak by een van die toiletfasiliteite toon. Die snyvlak(ke) moet deur die bedekte loopvlak en die muur (met of sonder 'n deur) gaan, en dan verbygaan voor of 'n wasbak, 'n toilet óf 'n urinaal wat geskik sal wees vir 3- tot 5-jarige kinders.

LET WEL: Deur breeklyne te gebruik, kan die gedetailleerde gedeelte in TWEE dele verdeel word, EEN wat die volledig bedekte loopvlak, deur of muur en einde van die dak wys, en die ander wat óf die wasbak, die toilet óf die urinaal en die gedeelte van die dak bo dit wys.

Sluit die volgende by ALLE relevante aansigte in:

- ALLE buitekenmerke, onder meer deure en vensters.
LET WEL: ALLE venster- en deurrame moet in die TWEE aansigte getoon word.
- Die dakbesonderhede, alle reënwateritems, die dakvensters en daklyne ingesluit
- ALLE permanente toebehore
- ALLE elektriese toebehore en die bedradingsuitleg
- Afvalwater-afvoerstelsels (riolering) op die **vloerplan, aansigte** en vir die toilet of wasbak op die **gedetailleerde snit**
- Die snyvlak(ke)
- Alle arseringsbesonderhede
- Gedetailleerde afmetings
- Titels, byskrifte en notas
- Skale gebruik
- Noordpunt

5.2 Teken, volgens 'n geskikte skaal, 'n volledig gedetailleerde **TERREINPLAN** van ERF 7.

Sluit die volgende in:

- ALLE gegewe terreinbesonderhede en -kenmerke, ALLE bestaande geboue ingesluit
- Die plasing van die volledige voorgestelde nuwe gebou en speelarea met die veiligheidsheining
- ALLE rioolbesonderhede met byskrifte en notas ingesluit
- Afmetings, onder meer die verwysingsafmetings en hoekhoogtes
- Skaal
- Noordpunt

5.3 Teken 'n **gedetailleerde 'voëlperspektief' ('birds-eye view')-TWEEPUNT-PERSPEKTIEF-TEKENING** van die **volledige gebou en bedekte loopvlak**. Oriënteer die perspektieftekening sodat dit die voorkant van die gebou duidelik wys met die volle lengte van die bedekte loopvlak, dakvensters, skuifdeure en die kant van die gebou met die toiletgeriewe. Die horisonlyn (HL) moet ± 1 m bo die dakkap wees.

Bewyse van die volgende moet ingesluit word:

- Alle aansigte/tekeninge wat gebruik is om die perspektieftekening te konstrueer
- ALLE konstruksiemetode wat gebruik is om die perspektieftekening te konstrueer

LET WEL: Gebruik 'n kopie van die perspektieftekening, wat artistiese kenmerke kan bevat, as die prentjie vir die voorblad van jou PAT-lêer/portefeulje.

FASE 3: VOORLEGGINGSVEREISTES

Skep 'n PAT-lêer/portefeulje wat die volgende in die gegewe volgorde bevat:

- 'n Volledige **PAT-voorblad** wat die naam van die vak, jou skool se naam, jou volle naam en van, jou graad en klasgroep, jou onderwyser se voorletters en van, en 'n afskrif van jou eie tweepunt-perspektieftekening (5.3) vir hierdie taak insluit.
- 'n Volledige **inhoudsopgawe**
- Die **2026-SUMMATIEWE ASSESSERINGSTAAT** (*sien bladsy 26*)
- Die voltooië **VERKLARING VAN EGTIGHEID** (*sien bladsy 27*)

LET WEL: Plastiekbladsylêers of plastiekbladbeskermers mag NIE vir die PAT-lêer/portefeulje gebruik word nie.

Sluit die volgende FASE 1- en FASE 2-voorleggingsvereistes by die PAT-lêer/portefeulje na die VERKLARING VAN EGTIGHEID in:

1. AL die vereistes vir ontwerpdragvereistes
2. Bewys van AL die hulpbronmateriaal wat vir die vereiste navorsing gebruik is
3. Die TWEE vryhandtekening van die moontlike ontwerp oplossings
4. AL die bewyse van die keuse van die beste oplossing
5. AL die vereiste werkstekeninge (5.1 en 5.2) en die perspektieftekening (5.3)
6. Die **ASSESSERINGSKRITERIA EN KONTROLELYS VIR DIE 2026 SIVIELE PAT** (*sien bladsy 15 en 16*), **wat duidelike bewys moet lewer van jou eie deurlopende self-evaluering** en die **nakom van sperdatums** tydens die ontwikkeling van die PAT.

LET WEL:

Sluit die volgende **op elke bladsy** in:

- **Duidelike nommering** volgens die nommers van die voorleggingsvereistes
- **Jou naam** op AL die bladsye van AL die voorleggingsvereistes

Assesseringskriteria en kontrolelyns vir die 2026 Siviele PAT

- Die SUMMATIEWE ASSESSERINGSTAAT op bladsy 26 van hierdie PAT-dokument moet gebruik word om die finale totale uit 10 vir elke assesseringskriterium aan te dui.
- Die bydrae van elke aspek van die PAT is soos volg:
 - Die ontwerpproses, d.i. voorleggingsvereiste nommer 1, 2, 3, 4, 6 en 7, sal 25 punte uit 100 bydra.
 - Die werkstekeninge en die prenttekening, d.i. voorleggingsvereiste nommer 5, sal 50 punte uit 100 bydra.
 - Tekenmetodes, tekenvaardighede en voorleggings, wat volgens BYLAE A geassesseer moet word, sal 25 punte uit 100 bydra.

ASSESSERINGSKRITERIA EN KONTROLELYS VIR DIE 2026 SIVIELE PAT											
1-punt-vlak-beskrywer	0	Voldoen nie aan die vereistes nie of verkeerd voorgelê							Gekontroleer	Maksimum punt	Kommentaar
	1	Daar is aan die vereistes voldoen en/of korrek voorgelê									
2-punt-vlak-beskrywer	0	Voldoen nie aan vereistes nie, of minder as 30% bewyse van kennis getoon (swak)									
	1	Vereiste ingesluit en ten minste 30% + bewyse van kennis getoon (gemid.)									
	2	Voorlegging toon ten minste 80% of meer bewyse van kennis (baie goed)									
1.	Ontwerpopdrag										
	1.1	1 ^{ste} paragraaf: agtergrond en uitgebreide beskrywing van wat ontwerp moet word								2	
	1.2	2 ^{de} paragraaf: jou rol en die ontwerpproses wat jy gaan volg								2	
	1.3	'n Lys van TWINTIG van die gegewe spesifikasies in die scenario								2	
	1.4	'n Lys van VYF moontlike beperkinge in die scenario								2	
	1.5	'n Bestuursplan met moontlike teikendatums vir AL die voorleggingsvereistes								2	
		TOTAAL								10	
2.	Navorsing (Dit moet tot 'n maksimum van DRIE A4- of EEN A3-bladsy per onderwerp beperk word.)										
Relevante en bruikbare navorsing oor:	2.1	5 gedimensioneerde voorbeelde van toilette, urinale en wasbakke vir 3- tot 5-jariges								2	
	2.2	5 voorbeelde, konstruksiedetailtekeninge ingesluit, van onderdakloopvlakke								2	
	2.3	3 voorbeelde van dakvensters vir spitsdakke (1), en 3 vloerplanvoorbeelde van vloer-tot-plafon-kamerverdelers wat kan oopmaak (1)								2	
		Duidelike bewyse dat die navorsing in ontwerpopslossings gebruik is								2	
		'n Lys van ALLE verwysings gebruik (Bibliografie)								2	
		TOTAAL								10	
3.	Vryhandtekening van TWEE moontlike ontwerpopslossings							Finale punt vir elke oplossing			
Assesseer elke vryhand-oplossing soos volg:		Gebou met ALLE kamers en areas					2		Oplossing 1		10
		Bedekte loopvlak en daklyne					2				
		Korrekte voorstelling van alle geboukenmerke (mure, vensters, deure)					2				
		ALLE toebehore ingesluit (toilet, urinale, wasbakke, ens.)					2				
		Korrekte voorlegging van alle toebehore volgens SANS 10143					2		Oplossing 2		10
		Relatiewe grootte en verhouding van ALLE kenmerke tot mekaar					2				
		Primêre byskrifte (1) + primêre afmetings (1)					2				
		2 x berekeninge getoon en binne die spesifikasies (2 + 2 = 4)					4				
		Ontwerp, funksionaliteit en doeltreffende gebruik van ruimte					2				
		Subtotaal = 20 ÷ 2 = TOTAAL					20				
4.	Kies die beste vryhandoplossing (Dit moet 'n aparte voorlegging wees.)										
